

26 November Psalm 139:1-24; (Teks: 139:13-17)

God is betrokke by jou geboorte

Mans raak nie sommer opgewonde oor die geboorte van 'n babatjie nie en nog minder oor hulle eie geboorte! Dawid is egter baie uitgesproke oor sy eie geboorte en die tyd wat daaraan voorafgegaan het, omdat hy aangegryp is deur die verstommende grootheid van God.

Die alwetende en alomteenwoordigende God bemoei Hom met 'n mens wat nog nie eens 'n lewe van sy eie het nie, maar nog weggesteek is binne-in 'n ander mens. In die skoot van sy moeder reeds 'n sondaar wat met skuld betaal is. Psalm 51:7, en tog, juis daar in die skoot van sy moeder ook 'n voorwerp van God se uitsonderlike sorg en almag. Dit weet hy: Sy bestaan is van die eerste begin af nie maar net 'n natuurlike proses nie, maar God se werk. "U het my gevorm, my aanmeakaargeweef in die skoot van my moeder. U het my al gesien toe ek nog ongebore is."

As daar dus iemand is wat jou ken, is dit God omdat Hy presies weet hoe jy inmeakaargesit is en Hy onthou dit, sê Psalm 103:14. Die oorweldigende besef van God se almag en betrokkenheid spoor Dawid aan tot die hoogste mate van toewyding van die Here (verse 19-22) en lewensheiliging (verse 23,24). Gebore onder sy sorg, nooit onder sy oë uit nie (verse 7-12) en met Hom versoen deur die bloed van sy Seun met die Vaderhuis as eindbestemming. Wat 'n Vader is onse God!

Sing: Psalm 139:12

Ds. D.H.P. Wijnbeek (Steynsburg)